Firmountweg 82, Briza, Somerset-Wes
7130
Posbus 337, Somerset-Wes 7129
e-pos: ontvangs@nghelder.co.za
Tel: 021 851 5582
Faks: 021 851 5583

HELDERBERG
Gemeente

7 November 2017

'n Ope brief aan al die lidmate van Helderberg Gemeente

In moeilike en uitdagende tye sorg wyse mense dat hul harte met vrede gevul bly – die vrede van God. Paulus se oproep in so 'n uitdagende tyd was (Fil 4:4-7**):** "Verbly julle altyd in die Here", Hoekom? "Die Here is naby". Wat maak ons met hierdie wete? "Maak in alles julle versoeke aan God bekend deur te bid, smeek en Hom te dank". Die eindproduk daarvan: "En die vrede van God wat alle begrip oortref, sal in Christus Jesus oor julle harte en gedagtes waak". Jakobus sê: "Die wysheid van bó is in die eerste plek suiwer, en verder ook vredeliewend, bedagsaam, inskiklik, vol deernis en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins. En die vrug van geregtigheid word in vrede gesaai vir hulle wat vrede maak" (Jak 3:17-18). Mag die Here ons harte vul met vrede in hierdie tyd.

Wysheid, die wysheid van God – dit is wat ons nou baie nodig het in 'n tyd wat baie hoë eise (emosioneel, geestelik en fisies) stel.

Helderberg Gemeente wil graag in 'n tyd soos hierdie mense help om:

- **Te fokus op God – bewus te word van God se teenwoordigheid en te ontvang en vier vir wat Hy vir ons gee.**
- **Ons dissipelskap uit te leef, saam te groei in ons verhouding met God en Hom beter te leer ken.**
- **Uit te reik na mense en 'n wêreld in nood.**

Soos baie ander individue, instansie en besighede tans ervaar Helderberg Gemeente ook druk op ons fondse.

Die werklikheid wat ons in die oë moet kyk, is dat ons gemeentelike bydraes R53 258 pm onder ons begroting is – R372 806 vir die afgelope 7 maande (Dit is 8% laer as begroot). Ons het **4 760** belydende lidmate (2 630 besoekpunte) waarvan gemiddeld **479 (dit is ongeveer 18%)** 'n maandelikse dankoffer, bo-en-behalwe hul bankkollektes tydens die eredienste, gee. Dink net die effek wat dit kan hê as ons daardie persentasie met slegs 10% of nog beter na 50% kan verhoog.

Bo-en-behalwe die normale gemeentelike bydraes, benodig ons R5 miljoen oor die volgende drie jaar om aandag te gee aan uiters noodsaaklike instandhoudingwerk.

Wat staan ons nou te doen, en wat vra die Here van ons?

Ons wil vir jou vra:

- Bid asseblief saam met ons vir wysheid in hierdie uitdagende tyd op die regte goed te fokus.
- Help ons om te ontdek wat die Here besig is om vir ons te sê, wat Hy van ons vra? Jou inset is uiters waardevol.
- Wanneer ek die ondekking maak dat God die bron van alle seën en guns in my lewe is, dan gee ek my dankoffer uit dankbaarheid aan God vir Sy voorsieningheid in my lewe. Ek gee nie my dankoffer aan mense nie, maar aan God.

Dankie aan hulle wat getrou hul bydraes gee, vir die wat hul aftrekorders verhoog het en die wat bly gee sonder ophou.

Die kerkraad en personeel neem die verantwoordelikheid om te sorg dat die fondse wat tot ons beskikking gestel word met groot wysheid aangewend word. Dit is die Here se geld en ons is die rentmeesters van Sy trust.

Indien jy enige voorstelle het, vrae het oor die begroting en bedieningspraktyk het of sommer net wil kom saam dink en bid, nooi ons jou graag uit na ’n **gesprek op Donderdag, 23 November om 19:00 in die kapel.**

Jakobus leer ons dat wanneer ons wysheid kortkom, moet ons dit van God vra, wat aan almal gee sonder voorbehoud en sonder twyfel (Jak 1:5). Kom ons vra en soek dit saam.

Dankie dat jy hierdie uitdagende tyd geloofsonderskeidend saam met ons gaan aanpak.

In Sy heerlike diens
Hannes Theron